

VROULIKE SLAGOFFERS VAN VERHOUDINGSGEWELD SE BELEWENISSE VAN DIENSLEWERENDE PROFESSIES EN INSTANSIES

*Dr HP Schoeman en dr SB Ferreira van die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit
Vrystaat, Bloemfontein*

ABSTRACT

Female victims of relationship violence's experiences of service rendering structures and professions and the implications thereof for social work service rendering, are analysed. Empirical data is drawn from a quantitative and qualitative national survey on violence against women in cohabiting and marital relationships. Specific attention is paid to participants' utilisation of and encounters with service rendering structures and professions. Based on the analysis, implications for Social Work with specific reference to the utilisation and implementation of social work methods for both the prevention and the treatment of the phenomenon, are indicated.

INLEIDING

Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings is tans 'n prominente verskynsel in Suid-Afrika. Alhoewel geen amptelike statistiek oor die voorkoms daarvan beskikbaar is nie (Wood, Maforah en Jewkes, 1996:11-12), is die skatting van Angless en Shefer (1995:305) dat een uit drie (dus ongeveer 33,3%) Suid-Afrikaanse vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings slagoffers is van geweld binne die verhoudings. Volgens die Beijing Conference Report (1994:44) is die frekwensie van sodanige geweld plaaslik aan die toeneem. Die intensiteit van die verskynsel word soos volg deur Shaik en Park (1997:6) beklemtoon: elke ses dae een vrou in Suid-Afrika deur haar manlike verhoudingsmaat vermoor.

Die implementering van die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) op 15 Desember 1999 het die debat oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings opnuut momentum laat kry. Die aanduiding in die aanhef van dié wet, dat bestaande regshulp aan slagoffers van geweld ondoeltreffend is en dat dié wet maatreëls wil instel om te verseker dat die relevante staatsorgane ten volle uitvoering aan die bepalings van die Wet sal gee, het veral toenemende klem gelê op dienslewering aan slagoffers van geweld in Suid-Afrika. Dié wet dra doelbewus die boodskap uit dat die Staat verbind is tot die uitkakeling van gesinsgeweld en daarom word konkrete voorskrifte onder andere aan die hof, aanklaers en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gegee ten einde sekondêre viktimisering van die slagoffers te voorkom.

Wetgewing om die posisie van vroue ten opsigte van mans te verbeter, verander egter nie mense se houdings en verhoudings nie. Elemente van seksistiese sosio-kulturele sienings bly voortbestaan in 'n samelewing, ten spyte van die daarstelling en implementering van wetgewing wat daarop gemik is om gedrag op grond van dié sienings aan bande te lê (Bosman, 1994:31-32). 'n Analise van vroulike slagoffers van verhoudingsgeweld in Suid-Afrika se belewenisse van dienslewerende strukture en professies, en die implikasies daarvan vir maatskaplikewerkdienlewering, is juis die fokus in hierdie ondersoek.

Die term geweld word volgens Straus (1991:135) en Van der Hoven (1992:78) benut wanneer verwys word na enige gedragsvorm (insluitend waarneembare gedrag, maar ook subtiele sinspelings of manipulerende nuanses) wat daarop gemik is, of wat die potensiaal het om 'n ander persoon fisiese en/of emosionele leed (insluitend fisiese beserings, maar ook emosionele resultate

soos byvoorbeeld vrees- of skuldgevoelens) aan te doen. Die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) benut die term saamwoon- en huweliksverhouding wanneer verwys word na die verbintenisse tussen 'n man en 'n vrou wat met mekaar volgens enige regstelsel of gebruik getroud is of was en ook 'n man en 'n vrou wat gewoonlik as man en vrou saamwoon of saamgewoon het, hoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie.

NAVORSINGSMETODE

'n Literatuurstudie, aangevul deur 'n empiriese ondersoek waartydens van sowel kwantitatiewe vraelysimplimentering as van kwalitatiewe onderhoudvoering gebruik gemaak is, is benut om geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings vanuit 'n ekologiese perspektief te verken en te beskryf.¹ Een van die elemente wat ondersoek is, is die slagoffers se belewenisse van sosiaal-strukturele dienslewering. 'n Totaal van 329 vroulike slagoffers van verhoudingsgeweld is as deelnemers² aan die kwantitatiewe studie gewerf deur middel van uitnodigings in die nasionale pers. Met tien ewekansig geselekteerde deelnemers is semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude gevoer. Enkele van die resultate wat na aanleiding van sowel die vraelysondersoek as die onderhoude verkry is, word hier benut om vroulike slagoffers van verhoudingsgeweld se belewenisse van sosio-strukturele dienslewering en die implikasies daarvan vir maatskaplikewerkdienslewering te analiseer.

Die vernaamste sosiodemografiese gegewens oor die tien deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude word in Bylae A aangebied, sodatdaar tydens die bespreking van die deelnemers se bydraes gemaklik na hulle deelnemernommers³ en sosiodemografiese profiele verwys kan word.

RESULTATE

In die literatuurstudie wat die empiriese ondersoek voorafgegaan het, is geïdentifiseer dat gemeenskappe op twee wyses bydraende en instandhoudende rolle ten opsigte van geweld teenoor vroue kan speel, naamlik "(1) through their laws, norms, and informal rules; and (2) by the ways in which they choose to ignore or respond to the existence of this problem" (Carlson, 1984:577). 'n Literatuuranalise (Carlson, 1984:577; Stringer-Moore, Pepitone-Arreola-Rockwell & Rozeé-Koker, 1984:270; Van der Hoven, 1989:55; Andrews & Brewin, 1990:757; Dye & Roth, 1990:194; George, Winfield & Blazer, 1992:117; Angless & Shefer, 1995:305; Abrar, 1996:194) bring aan die lig dat die volgende dienslewerende strukture en professies betrokke sou kon wees in die hantering van 'n maatskaplike probleem soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings: maatskaplikewerkinstansies en die maatskaplikewerkprofessie, die polisie diens en polisiebeamptes, die regstelsel en regsprofessie, medici en paramedici, skuilings vir mishandelde vroue, geestelike werkers en sielkundige dienslewering. Die mate waarin van dienslewerende strukture en professies gebruik gemaak word en deelnemers se belewenisse van sodanige benutting, is tydens sowel die vraelysondersoek as die kwalitatiewe onderhoude verken.

-
- 1 Die finansiële ondersteuning van die *National Research Foundation (NRF, Suid-Afrika)* ten opsigte van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgedruk en gevolgtrekkings waartoe geraak word, is dié van die outeurs en is nie noodwendig dié van die *National Research Foundation* nie.
 - 2 Vanweë die kwalitatiewe navorsingsmetodologie wat in die studie benut word word die begrip *deelnemer*, in plaas van *respondent* benut (Denzin en Lincoln, 1994:1-585).
 - 3 Wanneer na 'n deelnemer in die bespreking verwys word, word DN benut as afkorting vir *deelnemernommer*, terwyl 'n getalsaanduiding daarna verwys na die *deelnemernommer* wat in Bylae A aan elke deelnemer toegeken word. 'n Verwysing na DN4 reflekteer dus die situasie van *deelnemernommer vier* in Bylae A.

Vraelysondersoek

Tydens die vraelysondersoek is deelnemers gevra om aan te dui van watter dienslewerende strukture en professies se dienste al gebruik gemaak is en om op 'n meerpuntige beoordelingskaal aan te dui hoe dié dienslewering ervaar is. Sewentien (5%) van die deelnemers het nog nooit van enige vorm van dienslewering gebruik gemaak nie. Die 312 deelnemers wat wel van sodanige dienste gebruik gemaak het, het die volgende dienste benut en hulle belewenisse daarvan is soos volg.

TABEL 1
BENUTTING EN BELEWENIS VAN DIENSLEWERENDE STRUKTURE EN PROFESSIONS

DIENSLEWERENDE STRUKTUUR / PROFESSIE	GETAL DEEL-NEMERS (N=312) WAT DIE STRUKTUUR / PROFESSIE BENUT HET F (%)	BELEWENIS VAN DIENSLEWERING		
		Positief / Ondersteunend F (%)	Neutraal / Onbetrokke F (%)	Negatief / veroordelend F (%)
'n Algemene mediese praktisyn	219 (70%)	151 (69%)	16 (7%)	52 (24%)
Maatskaplikewerkdienslewering	209 (67%)	131 (63%)	33 (16%)	45 (22%)
Die Suid-Afrikaanse Polisiediens	202 (65%)	32 (16%)	77 (38%)	93 (46%)
Geestelike werkers	174 (56%)	27 (16%)	12 (7%)	135 (78%)
Die regstelsel	142 (46%)	16 (11%)	25 (18%)	101 (71%)
'n Sielkundige	124 (40%)	104 (84%)	8 (7%)	12 (10%)
Die regsprofessie	110 (35%)	16 (15%)	25 (23%)	69 (63%)
'n Verpleegkundige	108 (35%)	88 (82%)	12 (11%)	8 (7%)
'n Psigiater	77 (25%)	68 (88%)	1 (1%)	8 (10%)
'n Skuiling / "shelter"	12 (4%)	12 (100%)	0 (0%)	0 (0%)
<i>Ander:</i>				
Tradisionele geneser	9 (3%)	9 (100%)	0 (0%)	0 (0%)
Gehospitaliseer	8 (3%)	2 (25%)	6 (75%)	0 (0%)
<i>Lifeline</i>	5 (2%)	0 (0%)	5 (100%)	0 (0%)
Korrektiewe toesigbeampte	4 (1%)	1 (25%)	1 (25%)	2 (50%)
Ginekoloog	3 (1%)	2 (67%)	0 (0%)	1 (33%)

Naas dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn, is maatskaplikewerkdienslewering dus meesal deur deelnemers benut. Wanneer in berekening gebring word dat 88% van die deelnemers aangedui het dat hulle die dag na 'n gewelddadige insident nog pyn ervaar en 82% al ledemate weens die manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag verstuit het, kan begryp word waarom dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn so dikwels deur die deelnemers benut word. Die intensiteit van die geweldpleging sou waarskynlik ook daarmee in verband gebring kan word dat 65% van die deelnemers al die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ingeroep het om die situasie te hanteer. Interessant is dat ten spyte van die beskikbaarheid van die Wet op die

Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993)⁴, minder as die helfte van die deelnemers al van die regstelsel (46%) of dienslewering deur die regsprofessie (35%) gebruik gemaak het. Hierdie tendens kan moontlik daaraan toegeskryf word dat min pogings aangewend is om die gemeenskap op te voed oor die bestaan van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993), wat daartoe aanleiding gee dat die meeste vroue onbewus is van die verkryging van 'n interdik as hanteringwyse vir die situasie (Fedler, 1995:237).

Voorts blyk dat veral dienslewering deur geestelike werkers (78%), dié van die regstelsel (71%), die regsprofessie (63%) en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (46%) as negatief en veroordelend ervaar is. Hierdie aanduiding van negatiewe belewenisse stem ooreen met sowel nasionale as internasionale navorsingsbevindinge, naamlik dat dienslewering deur die polisiediens (Fredericks & Davids, 1995:483, Jagwanth, 1995:3; Fedler, 1995:246), die regsprofessie en regstelsel (Humphreys & Findlater, 1993:360; Fredericks & Davids, 1995:484-485) en geestelike instansies (Klopper, 1993:22-23; Ackerman, 1994:28) dikwels juis daartoe bydra dat geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in stand gehou word. Moontlik sou die neiging om nie gebruik te maak van die regstelsel of dienslewering deur die regsprofessie nie, ook daaraan toegeskryf kan word aan bewustheid daarvan dat 'n beduidende hoeveelheid vroue wat wel van dié dienste gebruik maak, dit as negatief en veroordelend ervaar.

Dienslewering deur 'n skuiling vir mishandelde vroue en hulle kinders is deur al die deelnemers wat al van dié diens gebruik gemaak het, as positief en ondersteunend ervaar, terwyl ook psigiatrise (88%), sielkundige (84%), verpleegkundige (82%), mediesepraktisyne (69%) en maatskaplikewerkdienste (63%) hoofsaaklik as positief en ondersteunend ervaar is. Hieruit word afgelei dat psigososiale, mediese en paramediese dienslewering oënskynlik aan die deelnemers se verwagtinge voldoen.

Kwalitatiewe onderhoude

Tydens die kwalitatiewe onderhoude is doelbewus gepoog om 'n verkenning te doen van die belewenisse wat deelnemers tydens die benutting van dienslewerende strukture en professies ervaar het en om 'n analise te doen van redes vir sodanige belewenisse. Vir hierdie doel is, onder andere, vier vrae ten opsigte van sosio-strukturele beïnvloedingsfaktore in die onderhoudskedule ingesluit:

- Het u al ooit enige vorm van professionele hulp ontvang ten einde u situasie die hoof te bied?
- Indien ja, by wie het u hulp gevra?
- Indien nee, waarom nie?
- Indien u hulp ontvang het, beskryf asseblief hoe u die hulp ervaar het?

Benutting van professionele dienslewering

Drie van die deelnemers (DN1, 2 en 4) het nog nooit enige vorm van professionele dienslewering benut nie. Die twee swart deelnemers (DN1 en 2) wend hulle tot kulturele gebruike om huweliksgekke by te lê. Een van die swart deelnemers (DN1) beskryf hierdie proses soos volg: *"I went to my mother's house and told her what had happened, showed her my wounds. She sent my brother to call upon the 'oompie', not really my uncle, but an older member of my extended*

⁴ Die empiriese ondersoek is gedurende 1999 gedoen toe die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) nog van krag was, kort voor die implementering van die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) gedurende Desember 1999.

family - it's our culture, you see. He said that I had to go back home immediately and that he would initiate negotiations with my in-laws so that the problem can be solved. The family had a meeting that next weekend. They told me not to harass my husband for money and this and that and they told him not to cause injuries to me." Hierdie deelnemers het elk hulle situasies by 'n materne oom bekla, waarna dié ooms alle familieleden wat voor huweliksluiting by die *lobola*⁵-onderhandelinge betrokke was, bymekaargeroep het. 'n Verhoor waartydens beide kante van die saak aangehoor word, word gehou. Alhoewel die onderhandelaars nie oor die reg beskik om voorskriftelik te wees nie, word gedragsriglyne aan die egpaar gesuggereer ten einde in harmonie te leef. Beide dié deelnemers rapporteer egter dat sodanige riglyne weinig impak op hulle situasies gehad het en dat gedragsverandering wat daaruit voortspruit, meesal van korte duur is.

Vanuit die swart deelnemers se beskrywings blyk dat die kulturele voorskrif, naamlik dat die patriarg die aller-hoof van sy huis is en dat die vrou sigself aan sy gesag behoort te onderwerp (Bank, 1994:91; Simons, 1997:64), as't ware bevestig en in stand gehou word deur die onderhandelinge wat op die deelnemers se klagtes gevolg het. Die man se gesag is byvoorbeeld nie ondermyn deur die vrou toe te laat om na die aanranding 'n nag by haar ma se woning deur te bring nie. Tydens die uitgebreide gesinne se onderhandelinge oor die huwelikskonflik is die man ook nie beveel om sy gewelddadige gedrag te staak nie. Hy is bloot gemaak om die intensiteit daarvan sodanig te verminder dat fisiese beserings nie voorkom nie. Aan die vrou daarenteen, is die opdrag gegee om haar gedrag te staak en die man nie verder met versoeke en aansprake te vermoei nie.

Ook DN4 wat nie aan fisiese aanranding blootgestel word nie, maar aan seksuele dwang, dui aan dat sy nooit voorheen professionele dienslewering benut het nie. Die betrokke voer twee redes aan, naamlik dat sy in haar gesin-van-oorsprong geleer het dat 'n mens jou eie lewensprobleme selfstandig behoort te hanteer en dat inmenging van ander onwenslik is. Voorts dui sy aan dat sy die meeste van haar seksuele opvoeding vanaf haar materne grootmoeder ontvang het en dat dié altyd vir haar gesê het dat "*... wanneer dit by seks kom, niks eintlik abnormaal is nie - dit hang van jouself af hoedat jy dit wil sien*". Die definiëring van haar man se seksuele dwang as synde 'n vorm van geweld, skep derhalwe by haar skuldgevoelens aangesien sy die gedrag as abnormaal etiketteer, terwyl sy geleer is dat die definiëring van seksueel-verwante aspekte as abnormaal nie toepaslik is nie.

Sosio-kulturele beïnvloeding, te wete dat verhoudingsproblematiek 'n privaataangeleentheid is, die definiëring van verhoudingsgeskille as die resultaat van patriargale ondermyning en die definiëring van seksualiteit as 'n konstruk wat nie met abnormaliteit geassosieer behoort te word nie, dra derhalwe daartoe by dat dié drie deelnemers nie van beskikbare hulp gebruik maak nie.

Die professionele diensleweraars van wie se dienste die ander sewe deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering gebruik gemaak het, word vervolgens aangedui.

5 Lobola verwys na "*... the payment which must be made by a groom to the bride's family before he can marry under customary law*" (Loveday, 1997:6).

TABEL 2
BENUTTING VAN PROFESSIONELE DIENSLEWERING

DEEL-NEMER-NOMMER	PROFESSIONELE DIENSLEWERING WAARVAN GEBRUIK GEMAAK IS		
3	Maatskaplikewerkdienlewering.	Algemene mediese praktisyn.	
5	Kliniese sielkundige.		
6	Maatskaplikewerkdienlewering.	Algemene mediese praktisyn.	
7	Pastoor.	Algemene mediese praktisyn.	
8	Kliniese sielkundige.	Algemene mediese praktisyn.	
9	Maatskaplikewerkdienlewering. Kliniese sielkundige. Psigiater. Pastoor. Algemene mediese praktisyn.	Die regstelsel: Verkryging van 'n interdik in gevolg die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) en 'n geregtelike verhoor van 'n aanrandingsaak teen haar man.	Die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Ongevalle-afdeling van 'n hospitaal. Verpleegkundige dienslewering Die regsprofessie: Staatsaanklaer(s).
10	Predikant. Algemene mediese praktisyn.	Maatskaplikewerkdienlewering. Psigiater.	Kliniese sielkundige.

Professionele dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn is dus deur al ses van die deelnemers benut, vier het al gebruik gemaak van die dienste van 'n kliniese sielkundige, vier van maatskaplikewerkdienlewering, drie van 'n geestelike werker (predikant of pastoor) en twee van psigiatriese hulp. Slegs een van die deelnemers het al van die dienste van die Suid-Afrikaanse Polisie diens, die regsprofessie en van die regstelsel gebruik gemaak.

Die redes wat deelnemers wat nie van geregtelike of polisie dienslewering gebruik gemaak het nie, daarvoor aanvoer, sluit in gebrekkige kennis van die regstelsel (DN8) en 'n pastoor se siening dat die situasie 'n privaataangeleentheid is, waarby persone van buite nie betrokke behoort te raak nie (DN7). Voorts word vrees vir en kommer oor bure se reaksie en die moontlike geskinder weens polisie teenwoordigheid by die woonstelblok (DN10) as rede aangevoer, terwyl DN6 beweer dat "Ons het nie 'n telefoon gehad nie..., ek't ook nie geld gehad vir 'n taxi nie ... die landdroskantoor is omtrent agt kilometer van hier af". Gebrekkige kennis oor die aard van beskikbare remedies, 'n sosio-kulturele mite dat gesinsgeskille 'n privaataangeleentheid is (Jagwanth, 1995:3; POWA, 1998:3), vrees vir sekondêre viktimisering (Van der Hoven, 1989:54, Angless, 1992:52; Hanrahan, Campbell & Ulrich, 1993:94) en gebrekkige beskikking oor of toegang tot infrastruktuur om van beskikbare dienste gebruik te maak (Stringer-Moore *et al.*, 1984:275; Stark & Flitcraft, 1988:308; Carlson & Nidey, 1995:137), weerhou derhalwe dié deelnemers daarvan om van die regstelsel, regsprofessie en polisie diens gebruik te maak vir die hantering van hulle situasies.

Naas die dienste van 'n algemene mediese praktisyn, het meer as die helfte van die deelnemers ook al gebruik gemaak van dienslewering deur 'n maatskaplike werker en/of dié van 'n kliniese sielkundige, wat die psigososiale effek van die manlike geweldenaar se gedrag (Hoff, 1990:20; Dye & Roth, 1990:192; O'Keefe, 1994:403) opnuut beklemtoon.

Belewenis van professionele dienslewering

Die temas wat geïdentifiseer is na aanleiding van die deelnemers se betekenisgewing aan professionele dienslewering waarvan gebruik gemaak is, word vervolgens aangedui.

• MEDIESE DIENSLEWERING

Al ses die deelnemers wat van die dienste van 'n algemene mediese praktisyn gebruik gemaak het, het dié dienslewering positief ervaar. Volgens die betrokkenes het die dokters simpatiek, ondersteunend en met begrip teenoor hulle opgetree. In vier gevalle is nie net aandag geskenk aan die onmiddellike beserings nie, maar is angswaarders en/of slaapmiddels en antidepressante aan die betrokkenes voorgeskryf. 'n Analise van deelnemers se beskrywings ten opsigte van die effek wat die medikasie op hulle het, dui daarop dat alhoewel dié behandeling nie hulle situasie verander het nie, dit daartoe bydra dat die situasie anders beleef word en dus as meer "hanteerbaar" en "uithoubaar" beskryf word.

Psigiatriese dienslewering is negatief beleef deur die twee deelnemers wat daarvan gebruik gemaak het (DN9 en 10). Dit word toegeskryf daaraan dat alhoewel hulle voorskrifte vir psigiatriese medikasie ontvang het, die professionele verhoudings as koud, onbetrokke en selfs veroordelend beleef is. In die geval van DN10 word dié dienslewering soos volg beskryf: *"Agt minute, dis hoe lank ek daar in was. Ek het nog skaars begin vertel wat fout is, toe sê hy hy kan niks aan my situasie verander nie, maar hy kan sien ek ly aan angs en depressie en hy sal vir my pilletjies gee daarvoor. Dit was al. Ek moet darem sê, die pille help vir die stres."* Sowel DN9 as DN10 dui aan dat hulle teleurgesteld was in dié dienslewering, aangesien nie voldoen is aan hulle behoefte aan katarsis en konkrete riglyne vir die hantering van hulle situasies nie.

Slegs DN9 het al van verpleegkundige dienslewering by die ongevalle-afdeling van 'n staatshospitaal gebruik gemaak. Nadat die hospitaaldokter wat aan diens was, ingelig is dat die betrokke 'n aanrandingsklag teen haar man gelê het, het hy die distriksgeneesheer probeer ontbied, sodat laasgenoemde haar kon ondersoek en as getuie in die hofsak sou kon optree. Die distriksgeneesheer het egter geweier om na die hospitaal toe te gaan om die betrokke te ondersoek. Volgens DN9 was die argument dat *"... hy nie by sulke gevalle betrokke raak nie, want die vrouens trek al die saak terug nog voor hy hulle klaar ondersoek het."* Haar beserings is toe deur die hospitaaldokter behandel. 'n Verpleegkundige wat gemoeid was met haar behandeling, het die deelnemer ingelig oor die beskikbaarheid van die interdiktstelsel ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). As gevolg van die verpleegkundige se betrokkenheid het dié deelnemer by sowel die regstelsel as regsprofessie betrokke geraak.

Dienslewering deur algemene mediese praktisyns is dus hoofsaaklik positief beleef, terwyl psigiatriese dienslewering as teleurstellend beskryf word, onder andere weens die sterk klem op 'n mediese diagnose, eerder as op wyses waarop die betrokkenes hulle situasies effektief kan hanteer. Die deelnemer wat by die ongevalle-afdeling van 'n staatshospitaal behandeling vir haar beserings ontvang het, het dié dienslewering positief ervaar. Omdat die hospitaaldokter en verpleegkundige nie slegs op haar beserings gefokus het nie. Hulle bereidwilligheid om haar in aanraking te bring met toepaslike hulpbronne, naamlik dienslewering deur 'n distriksgeneesheer en die verkryging van 'n interdik was vir haar betekenisvol.

Dit is dat die rede wat deur die distriksgeneesheer aangevoer is vir sy weiering om die slagoffer te ondersoek, ooreenstem met die bevindings van Humphreys en Findlater (1993:360) en Fredericks en Davids (1995:484) dat staatsaanklaers ook dikwels teësinig is om aanrandingsklagtes voor die

hof te bring, omdat mishandelde vroue die klagtes meesal terugtrek. Waarskynlik sou die gedrag van die distriksgeneesheer ook toegeskryf kan word aan sy kennis van die fases in 'n geweldsiklus (Van der Hoven, 1992:82 en Wolhuter, 1996:152), naamlik dat die lê van formele klagtes, dikwels deur die terugtrekking daarvan opgevolg word. Van die distriksgeneesheer word derhalwe verwag om tyd en mensekrag te bestee aan die konsultasie van die mishandelde vrou en die saamstel van 'n verslag oor die aard van haar beserings, waarna die klag waarskynlik teruggetrek gaan word.

• TERAPEUTIESE DIENSLEWERING

Sowel maatskaplikewerkdienlewering as dienslewering deur kliniese sielkundiges word deur die meeste deelnemers wat daarvan gebruik gemaak het, positief geëvalueer. Die evaluering word nie net gerig deur emosionele ondersteuning wat ervaar is deurdat hulle op 'n nie-veroordelende wyse gehanteer is nie, maar veral ook vanweë die insig in hulle situasies wat deur die dienslewering teweeg gebring is. Insigontwikkeling vind primêr plaas wanneer die betrokkenes besef dat hulle nie blaam vir die situasie hoef te aanvaar nie. Tog rapporteer die betrokkenes dat die insigontwikkeling alleen nie noemenswaardige gedragsverandering by hulleself of by hulle huweliksmaats teweeg gebring het nie.

Met hierdie belewenis word akkoord gegaan, aangesien die mening in ooreenstemming is met dié van Minuchin (1985:9) en Russell (1988:195) naamlik dat gesinslede se gedrag wedersyds deur die betrokkenes se interaksieprosesse beïnvloed word. Die gesinsistemiese disfunksionering gee derhalwe aanleiding tot sowel die totstandkoming as instandhouding van simptoombgedrag. Sonder 'n wysiging van die gesinsistemiese funksionering sou die simptoombgedrag as't ware deur die gesinsisteesem in stand gehou word weens die funksie daarvan vir sistemiese ekwilibrium en die herhalende en gevestigde aard van die transaksionele patrone.

Die vorming van disfunksionele koalisies (Umbarger, 1983:70-71) met 'n diensleweraar waartydens 'n maatskaplike werker (DN10) en 'n kliniese sielkundige (DN9) waarskynlik by die verhoudingskonflik ingedrieë is (Singleton, 1983:83-84; Papero, 1991:54), is 'n tema wat in twee deelnemers se bespreking van dié dienslewering figureer. DN9 beskryf hoe sy en haar man in 'n tydperk van ses maande by verskillende kliniese sielkundiges om hulp aangeklop het. In twee gevalle was die man ontevrede met die sielkundige se benadering, aangesien hy van mening was dat die betrokke nie genoeg tyd vir hom toegelaat het om sy situasie te eksplorieer nie. In die derde geval beskryf die deelnemer self die sielkundige as "... *té klinies, té op 'n afstand, amper asof hy nie 'n standpunt wil inneem nie* ...". Die vierde sielkundige se benadering en styl het aanvanklik sowel die deelnemer as haar man beïndruk. Die deelnemer beskryf die dienslewering en die aard van haar verhouding met die sielkundige soos volg: "[Man se naam] *het daar gesit en lieg ... , maar ek het maar stilgebly, want [haar man se naam] het vertel hoe baie die geselsies vir hom beteken ... Ek het maar so tussendeur vir hom (die sielkundige) gebel en hom vertel wat die ware feite is... Hy't my geglo en gesê hy't vermoed [haar man se naam] hou die waarheid bietjie skuins. Ek weet nie mooi hoe om te sê nie, maar so na 'n paar sessies, seker so na die derde keer, het ek en hy [die sielkundige] so 'n halwe band tussen mekaar ontwikkel. Net 'n kyk, dan het ek geweet hy weet die man lieg of hy kon in my sien wat ek dink.*" Die deelnemer beweer dat die sielkundige haar ook, sonder haar man se medewete, meer as een keer geskakel het om seker te maak of hy dit wat tydens die terapeutiese sessies gesê is, korrek geïnterpreteer het. Die terapeutiese betrokkenheid is beëindig nadat, wat die deelnemer noem "... *die sielkundige té veel 'pressure' op ons gesit het om nog te verander, terwyl dit reeds met ons goed gegaan het.*" Moontlik kan die deelnemer se verwysing na die styl van een van die vroeëre sielkundiges wat geraadpleeg is, as synde *klinies en op 'n afstand*, toegeskryf word daaraan dat dié professionele

persoon nie beleef is as 'n mens wat in die verhouding ingedriehoek kan word nie en dat sy benadering en styl dus nie ervaar is as potensieel funksioneel binne die konteks van haar huweliksisteem nie.

DN10 beskryf haar belewenis van 'n maatskaplike werker se betrokkenheid toe die deelnemer haar man na 'n aanranding verlaat het, soos volg: *"Later die dag lui die foon daar by sy (haar seun s'n) woonstel. Dis 'n maatskaplike werkster. Sy sê [haar man se naam] het haar kom sien en vir haar alles vertel en sy sê toe dit lyk vir haar asof ek sal moet inskakel by 'n groep om te leer hoedat 'n vroumens haar man moet versorg. Dit terwyl my heup blou geskop is! [Man se naam] is 'n 'charmer', dit gee ek toe en ek sê vir jou, dis deur sy 'charm' dat hy dié vroultjie so mislei het."* Voorts beskryf die deelnemer hoe die maatskaplike werker haar oor die man "ontferm" het, hom onder andere kom oplaai het vir sy maandelikse besoeke aan 'n kliniek (terwyl die deelnemer self hom altyd in die verlede daarheen vervoer het) en hom een keer kom haal het om saam te gaan koffie drink. Die maatskaplike werker se betrokkenheid by die man is beëindig deurdat sy 'n pos in 'n ander dorp aanvaar het. Ook hier is waarskynlik 'n aanduiding dat 'n terapeutiese diensleweraar suksesvol ingedriehoek is in die egpaar se konfliktekenmerkte huweliksdaad, deurdat die huwelikskonflik deur diversifisering, in plaas van probleemoplossing, gehanteer is.

'n Analise van deelnemers se belewenisse van terapeutiese dienslewering beklemtoon dat insigontwikkeling alleen nie genoegsaam is om positiewe gedragsverandering en die opklaring van simptomegedrag binne die konteks van die egpaarsisteem teweeg te bring nie. Voorts blyk dit uit die bespreking dat transaksionele patrone daartoe bydra dat die simptomegedrag nie alleen binne die gesinsisteem in stand gehou word nie, maar dat driehoekvorming ook deur die gesinsisteem benut word om tydelike verligting van die angsvlak wat teenwoordig is, te verkry.

• GEESTELIKE DIENSLEWERING

Al drie deelnemers wat van geestelike dienslewering gebruik gemaak het (DN7, 9 en 10), is van mening dat dié betrokkenheid hulle verwar het en bygedra het tot die daargestelling en instandhouding van skuldgevoelens. Alhoewel die geestelike werkers empatie met hulle situasies betoon het, het hulle terselfdertyd riglyne aan hulle voorsien vir sowel houdings- as gedragsverandering. Een van hierdie deelnemers (DN7) gaan haal tydens die onderhoud haar Bybel waarin sy die teksverse wat die predikant vir haar as riglyne vir haar eie gedrag gegee het, gemerk. Sy verwys na Lukas 6:27-29: *"Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word. As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan."* 'n Ander teksverwysing wat aangedui word, is 1 Petrus 3:17: *"As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter sò as om te ly wanneer julle kwaad doen."* Die invloed van haar gesprekke met die pastoor beskryf DN7 soos volg: *"Hy't gesê dat God juis hierdie man met al sy probleme op my pad gestuur het en dat ek, as ek hom sou verlaat, nie uitvoering gee aan my huweliksbelofte voor Hom nie. As vrou moet ek hom lei in die weë van God, al beteken dit dat ek, net soos die Here Jesus, gekruisig word deur dié sondaar."* Hierdie deelnemer impliseer dat om die man se gewelddadigheid te verduur, by hom te bly en in liefde hom te probeer lei, as't ware haar weg na saligheid verseker.

Ook DN9 en DN10 verwys daarna die geestelike werkers, beklemtoon hetdat 'n "Godgegewe opdrag" aan hulle gegee is deur hulle keuse van 'n huweliksmaat. Hierdie opdrag impliseer volgens die deelnemers aanvaarding van die man as 'n persoon met probleme; 'n verantwoordelikheid om hulle lewens aan die versorging van hulle mans te wy; en om die mans in

liefde sodanig te begelei dat hulle hulle gedrag sal verander. Die deelnemers stem saam dat in die opdrag 'n implisiete aanduiding is dat indien die man nie sy gedrag verander nie, die deelnemers in die uitvoering daarvan misluk. Sowel die verantwoordelikheid vir die geweld, as die verantwoordelikheid vir die verandering van die situasie, is dus op die deelnemers geplaas.

DN9 beskryf dat sy juis weens 'n pastoor se insette intense skuldgevoelens ervaar het toe sy haar man finaal verlaat het en in die hof oor haar blootstelling aan sy geweld getuig het. Die skuldgevoelens word soos volg deur haar verwoord: *"Dit was amper soos sulke rolprentflitse wat deur my kop gegaan het van Pastoor wat sê God verwag van my gehoorsaamheid aan Sy opdrag. Die storie het my snags net so gery - nagmerries, oor en oor. ... Maar wat kon ek maak? Ek het geweet, hierdie man gaan my doodmaak ... Nou weet ek, die God wat ek dien is 'n God van liefde. Nie een wat my vir ewig gaan veroordeel vir my egskeiding en die aanrandingsaak nie."*

Vanuit die deelnemers se bespreking oor hulle belewenisse van geestelike dienslewering word twee hoofemas geïdentifiseer, naamlik die verantwoordelikheid tot selfopoffering deur die vrou en skuldgevoelens wat daaruit voortgevloei het wanneer hulle misluk het om tot ware selfopoffering te kom. Die oorsprong van hierdie godsdienstige oorwegings word spesifiek gevind in die insette van geestelike diensleweraars. Waarskynlik word die vroulike slagoffer van geweld ook deur godsdienstige leringe sekondêr geïntimiseer deurdat skuldgevoelens by hulle geskep word oor hulle mans se gewelddadige gedrag en die verantwoordelikheid vir die verandering van dié gedrag aan die slagoffers opgedra word.

Die geestelike werkers se insette sou beskou kon word as die resultaat van 'n sosio-kulturele samelewingsrealiteit, te wete die manifestering van seksisme in die kerk (Klopper, 1993:22-23; Ackerman, 1994:28). In hierdie verband is Moore (1979:198) van mening dat kerke 'n rol in die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue speel, *"... by both implicitly and explicitly teaching that a man has the right to control his wife and children ..."* Die implikasie van die kerk se lering, is dat die man in 'n meerderwaardige posisie ten opsigte van sy vrou en kinders staan en dat hy op grond van hierdie posisie die reg het om hulle gedrag te beheer. Ook is tydens Van der Hoven (1989:57) se studie bevind dat predikante se hulp aan vroulike slagoffers van geweld gekenmerk is deur aanmoediging om die man nie te verlaat nie, om maar die minste te wees en die man te vergewe. Onderdanigheid van die vrou aan die man en vergifnis vir die man se gedrag is dus voorbeelde van seksistiese ideologieë wat deur die kerk geleer word. Konformerings aan hierdie lering skep waarskynlik 'n konteks waarin die man sy gewelddadigheid kan legitimeer en rasionaliseer, onder andere deur verwysing na die rol wat die kerk aan hom toedig.

• DIENSLEWERING DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS, DIE REGSTELSEL EN DIE REGSPROFESSIE

Slegs een van die deelnemers (DN9) aan die kwalitatiewe onderhoudvoering het van dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regstelsel en regsprofessie gebruik gemaak. Die betrokke het direk na afloop van 'n gewelddadige insident 'n aanrandingsklag by 'n polisiekantoor gaan lê. Terwyl sy besig was om 'n verklaring af te lê, het haar man in die polisiekantoor ingestap en gedreig om haar fisiese leed aan te doen indien sy met die aflegging van die verklaring sou voortgaan. Die polisiebeampte wat besig was om haar verklaring af te neem, het tussenbeide getree en haar man fisies in bedwang probeer hou. Sy skryf die polisiebeampte se aanvanklike beskermende optrede daaraan toe dat haar beserings duidelik sigbaar was. Die deelnemer se man is egter ook 'n polisiebeampte. Toe die beampte wat aan haar klag aandag geskenk het, bewus word van haar man se posisie, het sy beskermende houding teenoor haar

verander na een van beskerming van haar man. 'n Verteenwoordiger van 'n sosiaal-strukturele instelling ('n polisiebeampte) wat onder andere gemoeid behoort te wees met die beskerming van persone teen misdrywe, het die uitvoering van sy pligte dus gestaak toe hy besef het dat die beskerming wat gebied behoort te word, tot gevolg kan hê dat 'n kollega vir 'n wetsoortreding aangekla mag word. Nie die slagoffer van die misdaad nie, maar die oortreder is dus beskerm deurdat die aard van die kollegiale verhouding daartoe aanleiding gegee het dat die belange van die kollega, eerder as dié van die slagoffer, beskerm is.

In hierdie verband word die insluiting van Artikel 2 in die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) waarvolgens enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verplig word om wanneer die voorval van gesinsgeweld aangemeld word, bystand aan die klaer te verleen, as 'n positiewe bydrae bestempel. Geykte polisiepraktyke soos die ignorering van klagtes oor gesinsgeweld omdat huweliks- en verhoudingsgeweld nie as 'n misdaad beskou word nie (Paterson, 1979:84; Fedler, 1995:246) en die beskouing dat sodanige klagtes huishoudelike aangeleenthede is waarby die polisiediens nie betrokke hoef te raak nie (Bolton & Bolton, 1987:216; Van der Hoven, 1989:56, Fredericks & Davids, 1995:483; Jagwanth, 1995:3), word derhalwe deur dié nuwe wet verbied.

Die betrokke het ook by die plaaslike landdroskantoor aansoek gedoen vir 'n interdik ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Die interdik is uitgereik ten opsigte van die fisiese adres waar die betrokke op daardie stadium beplan het om te gaan woon, naamlik die woning van een van haar seuns. Haar man kon dus aanbly in die gesinswoning waar al die deelnemer se besittings was, maar is deur die interdik verbied om by hulle seun se huis aan te doen of om haar aan te rand.

Drie dae later is 'n soortgelyke interdik aan haar man toegestaan, op grond waarvan hy beweer het dat die deelnemer en haar kinders hom aangerand het. Met sy kennis van die wet en regstelsel het hy van dieselfde regsmiddel wat daarop gerig is om die slagoffer van geweld te beskerm haar verder geviktimizeer deur gebruik te maak. Deur middel van sy interdik kon sy nie toegang verkry tot haar eiendom wat by hom in die huis was nie. Die deelnemer se hond het intussen kleintjies gekry en soos sy dit stel, "... omdat my man so onverantwoordelik was, kon ek nie daarop staat maak dat hy na die hond en die kleintjies sal omsien nie ...". Gevolglik het sy die bepalings van die interdik teen haar oortree deur haar vorige woning te betree, aandag aan die honde te skenk en enkele persoonlike besittings uit die huis te kry. Haar man het 'n beëdigde verklaring in dié verband afgelê, waarna die opgeskorte inhegtenisnemingsbevel wat saam met die interdik uitgereik word, van krag geword het en sy in hegtenis geneem is. Na haar inhegtenisneming is sy ingevolge Artikel 3(4)(b) van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) skuldig bevind aan die verontagsaming van 'n interdik. Voordat die aanrandingsaak teen haar man geregtelik verhoor kon word, is sy dus skuldig bevind aan 'n oortreding en is sy 'n opgeskorte vonnis in dié verband opgelê. Die deelnemer was derhalwe nie slegs die primêre slagoffer van haar man se gewelddadige gedrag nie, maar ook die sekondêre slagoffer van 'n tekortkoming in die regsmiddel wat op daardie stadium tot haar beskikking was en wat haar behoort te beskerm dieselfde regsmiddel wat deur haar man benut is om emosioneel-gewelddadig teenoor haar op te tree en om haar skuldig te laat bevind aan 'n wetsoortreding.

Artikel 5(4) van die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) maak tans daarvoor voorsiening dat die aansoek om 'n beskermingsbevel aan respondente beteken word, tesame met 'n kennisgewing waarin die respondent aangesê word om op 'n datum wat in die kennisgewing gespesifiseer word, redes aan te voer waarom 'n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie. Volgens Artikel 6(2) word die hof verplig om die aangeleentheid te verhoor as 'n respondent

verskyn om die uitreiking van 'n beskermingsbevel teen te staan en om op grond van die verhoor tot 'n beslissing aangaande die aansoek te kom. Op hierdie wyse maak dié nuwe wet dit dus onwaarskynlik dat beide verhoudingsmaats ten opsigte van mekaar beskermingsbevele kan bekom en dat die slagoffer dus sekondêr geviktimizeer word deur 'n regsremedie wat bedoel is om haar te beskerm.

Tydens die aanloop tot die hofverrigtinge ten opsigte van die deelnemer se aanrandingsaak is dié saak deur drie staatsaanklaers behartig. Die staatsaanklaers het telkens aan die deelnemer verduidelik dat die hofsak by hulle ongemak skep, aangesien hulle nou saamwerk met haar man in hofsake waarmee hulle gemoeid is. Die deelnemer beweer dat die staatsaanklaers haar saak nie na behore behartig het nie, aangesien hulle afhanklik is van die goedgesindheid, samewerking en getuienisaflegging deur haar man ten opsigte van ander sake waarby hulle betrokke is. Op die dag waarop die saak verhoor is, is 'n vierde staatsaanklaer aan haar toegewys en moes sy haar situasie opnuut aan dié vreemdeling verduidelik. Die staatsaanklaer was 'n vrou wat die deelnemer reeds voor die hofverrigtinge ingelig het dat daar nie 'n sterk genoeg saak bestaan om die man skuldig aan aanranding te bevind nie. 'n Gebrek aan verklarings vanaf 'n distriksgeneesheer (wat nie bereid was om haar na afloop van die aanranding te konsulteer nie) en deur die polisiebeampte wat haar in die polisiekantoor teen haar man se gewelddadige gedrag beskerm het asook haar vorige skuldigbevinding aan 'n oortreding van die interdik wat op haar bestel is, word aangevoer as faktore wat daartoe bygedra het dat die man nie skuldig bevind is nie. Die deelnemer beskryf haar belewenis van dié situasie soos volg: *"Hier is jy in die hof, jy gebruik die enigste ding wat tot jou beskikking is - die wet - en die persoon wat die wet behoort te verteenwoordig - die staatsaanklaer - weet nie regtig wat die omstandighede is nie, sy verduidelik nie vir my wat aangaan nie, ek word kaal uitgetrek in die getuiebank ... en die volgende wat ek hoor, is die man is onskuldig."* Haar emosionele belewenis van die aanloop tot die hofsak, die hofsak self en die gebeurtenisse wat daarop gevolg het, beskryf sy retrospektief soos volg: *"Teleurgesteld en ontnugter, dis hoe mens voel. Van reg en geregtigheid is daar nie sprake nie. Dis nonsens dat mishandelde vroue deur die reg beskerm word ... Almal luister, maar niemand hòr nie."*

Hierdie deelnemer is dus nie beskerm deur die polisie diens wat, onder andere, gemoeid behoort te wees met die beskerming van landsburgers teen benadeling deur wetsoortreders nie. Dieselfde regsmiddel wat veronderstel is om te dien ter beskerming van die slagoffers van geweld ('n interdik uitgereik ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993), is deur haar man teen haar benut in 'n poging om haar emosionele geweld aan te doen. Nie alleen is sy sodoende weerhou van toegang tot haar besittings en die versorging van haar troeteldiere wat by die man in die huis was nie, maar haar poging om enkele van haar besittings te bekom en die troeteldiere te versorg, het daartoe aanleiding gegee dat sy skuldig bevind is aan 'n kriminele oortreding en dus 'n kriminele rekord het. Juis hierdie aspek is ook tot haar nadeel gebruik tydens die benutting van 'n ander regsmiddel wat tot beskikking is van mishandelde vroue naamlik 'n hofsak waartydens 'n aanrandingsklag teen haar man geregtelik verhoor is.

Hierdie deelnemer se ervaring van die regsprofessie en regstelsel was dus in ooreenstemming met die beweringe van Humphreys en Findlater (1993:360) en Fredericks en Davids (1995:484) dat dit algemeen aanvaar word dat geweld teenoor vroue 'n privaataangeleentheid is waarby regsbeoefenaars nie graag betrokke wil raak nie. Voorts word beweer dat staatsaanklaers in Suid-Afrika hulle houding regverdig deur aan te voer dat die meeste vroue die klagtes later terugtrek, sodat die staatsaanklaer sonder 'n getuie gelaat word en dus ontnem word van die vermoë om 'n saak in die hof uit te maak. Ook word die besluit van die staatsaanklaer oor die wenslikheid van vervolging van die geweldenaar meesal slegs geneem op grond van die teenwoordigheid en intensiteit van beserings

wat die vrou opgedoen het. Die resultaat hiervan is dat vroue wat werklik gemotiveer is om met die saak voort te gaan, magteloos gelaat word en opnuut blootgestel word aan die geweldenaar se gedrag. Waarskynlik beweer Fredericks en Davids (1995:484-485) tereg dat die "... *criminal justice system can thus be said to assist in the secondary victimization of abused women.*"

In hierdie verband is dit bemoedigend dat Artikel 18(1) van die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998) dit stel dat geen aanklaer op eie oorweging mag weier om 'n vervolging in te stel, of 'n aanklag mag terugtrek in verband met 'n oortreding van 'n beskermingsbevel nie.

IMPLIKASIES VIR MAATSKAPLIKEWERKDIENSLEWERING

Die maatskaplikewerkprofessie is waarskynlik vanweë beskikking oor die primêre en sekondêre maatskaplikewerkmetodes, gemeenskapsanksie en bestaande infrastruktuur uitstekend geposisioneer om nie net aktief betrokke te wees by voorkomingsdienste ten opsigte van geweld teenoor vroue nie, maar om ook die voortou te neem betreffende behandeling van die verskynsel. As professie wat primêr bemoeienis maak met die mens in sy ekologiese verhoudingskonteks, het Maatskaplike Werk waarskynlik nie net die reg nie, maar ook die verpligting tot aktiewe betrokkenheid by sodanige multidimensionele verskynsel. Betreffende die maatskaplikewerkmetodes hou 'n analise van vroulike slagoffers van verhoudingsgeweld se belewenisse van sosiaal-strukturele beïnvloedingsfaktore die volgende implikasies in:

Tydens gevallewerk met die slagoffer, die geweldenaar, die egpaar en/of tydens gesinsterapie behoort die klem nie slegs op insigontwikkeling by die betrokkenes geplaas te word nie, maar ook op doelbewuste kognitiewe herstrukturering. Aandag behoort geskenk te word aan 'n assessering van die feite van die situasie, die verdedigingsmeganismes wat aangewend word om die gesinsistemiese ewilbrium te handhaaf en op doelbewuste wysiging van gedrag tot voordeel van al die betrokkenes. Uiteraard behoort die terapeut deurentyd ook bewus te wees van die effek van die situasie op sigself, sodat die vorming van disfunksionele koaliesies, alliansies en/of driehoekvorming met kliënte vermy word.

Gemeenskapswerk- en -ontwikkelingsprojekte behoort beplan en geloods te word met die oog op geslagsensitisering, gemeenskapsopvoeding en die bevordering van lewenskwaliteit. Die fokus kan geplaas word op wedersydse en selfrespek ten opsigte van die geslagte, konflikthantering deur middel van onderhandeling en onverdraagsaamheid met betrekking tot die benutting van geweld vir die bylê van geskille. Sodoende kan die maatskaplikewerkprofessie as deel van 'n multiprofessionele ontwikkelingstrategie 'n bydrae lewer tot die totstandkoming en instandhouding van 'n sosio-kultuur wat gesonde gesinsfunksionering idealiseer.

Die maatskaplikegroepwerkmetode kan met vrug aangewend word vir die doeleindes van lewensverryking, ontwikkeling, voorkoming en behandeling. Opvoedkundige groepe met mense in verskillende lewensfasies sou byvoorbeeld tydens gemeenskapswerk- en/of -ontwikkelingsprojekte benut kon word vir die aanleer van lewensvaardighede en sensitisering ten opsigte van geweld teenoor vroue. Terapeutiese groepe kan benut word vir die behandeling van sowel geweldenaars as slagoffers (en hulle kinders).

Veral die ondersteunings- en ontwikkelingsfunksies van supervisie behoort aangewend te word in gevalle waar maatskaplike werkers by programme ten opsigte van die verskynsel betrokke is. Enersyds sou die supervisiegesprek benut kon word vir ontlooting van getraumatiseerde maatskaplike werkers, terwyl ook aandag geskenk sou kon word aan ont-driehoeking waar werkers

opgeneem is in die emosionele sisteem van die geweldgekenmerkte saamwoon- of huweliks-verhoudings waarmee gewerk word. Uiteraard behoort aandag ook tydens supervisie aan die betrokkenes se ontwikkelingsbehoefte geskenk te word wanneer ervaar word dat hulpverlenings-metodes en -strategieë nie resultate lewer nie. In instansies met 'n groot personeelkorps sou groepsupervisie met dié doel voor oë aangewend kan word.

Maatskaplikewerknavorsing behoort tydens die hele maatskaplikewerkproses ten opsigte van die verskynsel ten grondslag te wees. Derhalwe behoort maatskaplikewerkprogramme die resultaat te wees van deeglike, verteenwoordigende navorsing op voetsoolvlak en sowel die implementerings-proses as die evaluering van die geïmplementeerde program behoort deurlopend as 'n navorsingproses bestuur te word.

Maatskaplike Werk is waarskynlik een van die mees prominente professies wat as waghond kan optree met betrekking tot die interpretering en implementering van toepaslike wetgewing en beleid ten opsigte van die verskynsel. Grondige kennis van toepaslike wetgewing in hierdie verband is uiteraard van kardinale belang om sodanige waghondfunksie verantwoordelik uit te voer. Maatskaplikewerkbestuurders sou veral betreffende beleidsbeïnvloeding met vrug van maatskaplikewerkevereenigings se bedingings- en beïnvloedingsmag gebruik kon maak.

Sowel akademici as maatskaplike werkers in die praktyk behoort opleiding te beskou as een van die meganismes waardeur beide proaktiewe en reaktiewe beïnvloeding ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings toegepas kan word. Akademici sou waarskynlik deur middel van aggressiewe bemerking kon beding vir die aanbied van modules oor die verskynsel in die leerprogramme van byvoorbeeld medici, paramedici, polisiebeamptes, onderwysers, die regsprofessie en teoloë. Uiteraard behoort ook in maatskaplikewerkleer-programme aandag aan sowel die verskynsel as die traumatisering as 'n resultaat daarvan, aandag geskenk te word. Maatskaplikewerkpraktisyns is vanweë betrokkenheid by maatskaplikewerk-hulpverlening ten opsigte van die verskynsel ideaal geposisioneer om leerbehoefte van diegene in aanverwante professies wat ook gemoeid is met die verskynsel, te identifiseer. Deur middel van opleiding as sekondêre maatskaplikewerkmetode kan leerprogramme vir sodanige teikengroepe saamgestel en aangebied word. Sodoende kan multiprofessionele en interdisiplinêre kragte saamgesnoer word vir 'n holistiese benadering tot sowel die voorkoming as die hantering van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

BIBLIOGRAFIE

- ABRAR, S 1996. Feminist intervention and local domestic violence policy. **Parliamentary Affairs**, 49(June):191-205.
- ACKERMAN, D 1994. Context, challenge and change: Perspectives on women in South Africa. **Wetenskaplike bydraes van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**, 318(Junie):12-36.
- ANDREWS, B & BREWIN, CR 1990. Attributions of blame for marital violence: A study of antecedents and consequences. **Journal of Marriage and the Family**, 52(August):757-767.
- ANGLESS, T 1992. Violence in the family: Issues in the counselling of battered women. **Critical Health**, 41(December):52-55.
- ANGLESS, T & SHEFER, T 1995. Survivors of woman abuse: A support group experience. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 31(4):305-310.

- BANK, L 1994. Angry men and working women: Gender, violence and economic change in Qwaqwa in the 1980's. *African Studies*, 53(1):89-113.
- BOLTON, FG & BOLTON, SR 1987. *Working with violent families: A guide for clinical and legal practitioners*. Newbury Park: Sage.
- BOSMAN, F 1994. The law comes to the rescue of women. *RSA Review/RSA Oorsig*, 7(2):30-39.
- CARLSON, BE 1984. Causes and maintenance of domestic violence: An ecological analysis. *Social Services Review*, 58(4):569-587.
- CARLSON, C & NIDEY, FJ 1995. Mandatory penalties, victim cooperation, and the judicial processing of domestic abuse assault cases. *Crime and Delinquency*, 41(1):132-149.
- DENZIN, NK & LINCOLN, YS 1994. Introduction: Entering the field of qualitative research. In: DENZIN, NK & LINCOLN, YS (eds) *Handbook of Qualitative Research*. Thousand Oaks: Sage.
- DYE, E & ROTH, S 1990. Psychotherapists' knowledge about and attitudes toward sexual assault victim clients. *Psychology of Women Quarterly*, 14(June):191-212.
- FEDLER, J 1995. Lawyering domestic violence through the prevention of Family Violence Act 1993: An evaluation after a year in operation. *The South African Law Journal*, 112(2): 231-251.
- FREDERICKS, IN & DAVIDS, LC 1995. The privacy of wife abuse. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg/The South African Law Journal*, 3(2):471-492.
- GEORGE, LK; WINFIELD, I & BLAZER, DG 1992. Sociocultural factors in sexual assault: Comparison of two representative samples of women. *Journal of Social Issues*, 48(1):105-125.
- HANRAHAN, P; CAMPBELL, J & ULRICH, Y 1993. Theories of violence. In: CAMPBELL, J & HUMPHREYS, J (eds) *Nursing care of survivors of family violence*. St. Louis: Mosby.
- HOFF, LA 1990. *Battered women as survivors*. London: Routledge.
- HUMPHREYS, WO & FINDLATER, JE 1993. The nurse and the legal system: Dealing with abused women. In: CAMPBELL, J & HUMPHREYS, J (eds) *Nursing care of survivors of family violence*. St. Louis: Mosby.
- JAGWANTH, S 1995. The Prevention of Family Violence Act, 1993: A feminist critique. *South African Journal of Criminal Justice*, 8(1):1-11.
- KLOPPER, F 1993. Postmoderne feminisme: Verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. *Theologia Evangelica*, 16(2):17-24.
- LOVEDAY, PK 1997. Gender violence in South Africa: Causes, effects and responses. *Urbanisation and Health Newsletter*, 34(September):5-12.
- MINUCHIN, S 1985. *Families and family therapy*. London: Tavistock.
- MOORE, DM 1979. Suggestions for public policies. In: MOORE, DM (ed) *Battered women*. Beverly Hills: Sage.
- O'KEEFE, M 1994. Adjustment of children from maritally violent homes. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 75(7):403-415.

- PAPERIO, DV 1991. The Bowen theory. In: HORNE, AM & PASSMORE, JL (eds) **Family counseling and therapy**. Illinois: Peacock.
- PATERSON, EJ 1979. How the legal system responds. In: MOORE, DM (ed) **Battered women**. Beverly Hills: Sage.
- PEOPLE OPPOSING WOMEN ABUSE 1998. **POWA Information Package**. Information booklet on the abuse of women. Johannesburg: POWA.
- RUSSELL, M 1988. Wife assault theory, research and treatment: A literature review. **Journal of Family Violence**, 3(3):193-208.
- SHAIK, F & PARK, YJ 1997. The fight against violence against women in South Africa. **Lola Press: International Feminist Magazine**, 8(November 1997-April 1998):6.
- SIMONS, HJ 1997. **Struggles in Southern Africa for survival and equality**. London: Macmillan.
- SINGLETON, G 1983. Bowen family systems theory. In: HORNE, AM & OHLSEN, MM (eds) **Family counseling and therapy**. Illinois: Peacock.
- SOUTH AFRICA (Republic) 1994. Beijing Conference Report: **Country report on the status of South African women**. Pretoria: Government Printer.
- STARK, E & FLITCRAFT, A 1988. Violence among intimates. In: VAN HASSELT, VB; MORRISON, RL; BELLACK, AS & HERSEN, M (eds) **Handbook of family violence**. New York: Plenum.
- STRAUS, MA 1991. Discipline and deviance: Physical punishment of children and violence and other crime in adulthood. **Social Problems**, 38(2):133-154.
- STRINGER-MOORE, D; PEPITONE-ARREOLA-ROCKWELL, F & ROZÉE-KOKER, P 1984. Beliefs about and experiences with battering: Women and men in two populations. **Sex Roles**, 11(3/4):269-276.
- SUID-AFRIKA (Republiek). 1993. Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA (Republiek). 1998. Wet op Gesinsgeweld (Wet 1116 van 1998). Pretoria: Staatsdrukker.
- UMBARGER, CC 1983. **Structural family therapy**. New York: Grune & Stratton.
- VAN DER HOVEN, AE 1989. The community's attitude towards wife battering. **Acta Criminologica**, 2(2):54-59.
- VAN DER HOVEN, AE 1992. Vrouemishandeling: Enkele gesigspunte oor die verklaring daarvan. **Acta Criminologica**, 5(2):77-83.
- WOLHUTER, L 1996. Excuse them though they do know what they do - the distinction between justification and excuse in the context of battered women who kill. **South African Journal of Criminal Justice/Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregepleging**, 9(2):151-166.
- WOOD, K; MAFORAH, F & JEWKES, R 1996. **Sex violence and constructions of love among Xhosa adolescents: Putting violence on the sexuality education agenda**. Pretoria: Medical Research Council.

BYLAE A: SOSIODEMOGRAFIESE GEGEWENS

DEEL- NEMER NOM- MER	BEVOL- KINGS- GROEP	HUIS- TAAL	OU- DER- DOM (in Jare)	HU- WELIK- STATUS	GESLAG, OUDERDOM VAN KINDERS (in Jare) EN KINDERS SE WOONPLEK	HOOGSTE OPVOED- KUNDIGE KWALIFIKASIE		BEROEPS- BEOEFENING	
						Man	Vrou	Man	Vrou
1	Swart	Sesotho	28	Getroud	Geen	St. 8	St. 10	Nee	Ja
2	Swart	Setswana	45	Getroud	Seun (22) - Inwonend. Seun (21) - Inwonend. Seun (16) - Inwonend. Dogter (14) - Inwonend.	Na- skoolse diploma	Na- skoolse diploma	Ja	Ja
3	Kleurling	Afrikaans	44	Geskei	Seun (25) - Eie woning. Seun (23) - Inwonend. Dogter (13) - Inwonend.	St. 10	Na- skoolse diploma	Ja	Ja
4	Blank	Afrikaans	26	Getroud	Geen	Naskool- se diploma	St. 10	Nee	Ja
5	Blank	Afrikaans	28	Getroud	Geen	Graad	Na- skoolse diploma	Ja	Ja
6	Blank	Afrikaans	35	Geskei	Dogter (12) - Kinderhuis Dogter (8) - Kinderhuis	St. 6	St. 8	Nee	Nee
7	Blank	Afrikaans	45	Getroud	Seun (24) - Eie woning. Dogter (22) - Inwonend. Dogter (19) - Inwonend.	St. 10	St. 10	Ja	Ja
8	Blank	Engels	37	Geskei	Seun (9) - Inwonend. Seun (6) - Inwonend.	St. 8	St. 10	Nee	Ja
9	Blank	Afrikaans	51	Geskei	Seun (31) - Eie woning. Seun (28) - Eie woning. Seun (24) - Inwonend. Seun (22) - Inwonend.	St. 10	Na- skoolse diploma	Ja	Ja
10	Blank	Afrikaans	63	Getroud	Dogter (41) - Eie woning. Dogter (39) - Eie woning. Seun (36) - Eie woning.	St. 6	St. 6	Pensioe- naris	Pensioe- naris